Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIG 2016

# REKENINGKUNDE
## Graad 12

Liewe Graad 12 Rekeningkunde leerder

Welkom tot hierdie Telematiese projek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun in voorbereiding vir jou finale Graad 12 Rekeningkunde eksamen. Hierdie program bied jou ‘n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, te konsolideer. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon. Die aanbieders sal nie al die onderwerpe dek nie – hulle sal wel op belangrike aspekte van die onderwerpe in die leerplan fokus ten einde jou begrip daarvan te verbeter.

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy na die volgende oplet:**

- Begin werk vanaf die eerste dag
- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take en assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd voltooi.

Dr Glynis Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12**

| ***Datum*** | ***Onderwerp*** | ***Hierdie les sal die volgende dek:*** |
|---|---|---|
| Woensdag<br>10 Februarie<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye** | Belangrike inhoud en vaardighede met betrekking tot Maatskappye<br>▪ Transaksies uniek aan maatskappye<br>▪ Opstel van finale rekeninge, finansiële state en notas |
| | | |
| Dinsdag<br>8 Maart<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye** | Belangrike inhoud en vaardighede met betrekking tot Maatskappye<br>▪ Ontleding en vertolking van finansiële state<br>▪ Ouditverslae |
| | | |
| Woensdag<br>13 April<br>16:00 – 17:00 | **Rekonsiliasies** | Belangrike inhoud en vaardighede met betrekking tot Rekonsiliasies<br>▪ Bankversoening<br>▪ Debiteureversoening en ouderdomsontleding<br>▪ Krediteureversoening |
| | | |
| Woensdag<br>18 Mei<br>16:00 – 17:00 | **Voorrade** | Belangrike inhoud en vaardighede met betrekking tot Voorrade<br>▪ Deurlopende- en Periodieke Voorraadstelsels<br>▪ Voorraadwaardasie deur EIEU-, geweegde gemiddelde- en spesifieke identifikasie metodes te gebruik |
| | | |
| Woensdag<br>24 Augustus<br>16:00 – 17:00 | **Vervaardiging** | Belangrike inhoud en vaardighede met betrekking tot Vervaardiging<br>▪ Produksiekostestaat<br>▪ Gelykbreekpunt<br>▪ Eenheidskoste |



Kopiereg voorbehou 

**TELEMATIESE ONDERRIG 2016**

**OORSIG VAN MAATSKAPPYE**

| | | **Jy moet die volgende kan doen:** | **Dit is belangrik om die volgende te onthou:** |
|---|---|---|---|
| A | Transaksies uniek aan maatskappye<br>▪ Uitreik van aandele teen uitreikprys<br>▪ Terugkoop van aandele<br>▪ Inkomstebelasting<br>▪ Dividende<br>▪ Direkteursfooie<br>▪ Ouditfooie | ▪ Optekening van transaksies in die joernale<br>▪ Opstel van grootboekrekeninge<br>▪ Die gebruik van inligting om die finansiële state op te stel | ▪ Weet hoe om die **gemiddelde** aandeelprys te bereken |
| | Ander transaksies<br>▪ Aankoop van vaste bates<br>▪ Verkoop van vaste bates | ▪ Bereken en optekening van waardevermindering<br>▪ Opstel van Bateverkope rekeing<br>▪ Opstel van Vaste Bate Nota<br>▪ Gepaste optekening in Kontantvloeistaat | ▪ Ken die formaat van die Vaste Bate Nota<br>▪ Weet hoe om die Bateverkope grootboekrekening op te stel |
| B | Opstel van finale rekeninge en finansiële state<br>▪ Verdelingsrekening<br>▪ Inkomstestaat<br>▪ Balansstaat met Notas<br>▪ Kontantvloeistaat | ▪ Opstel van 'n Verdelingsrekening<br>▪ Opstel van 'n Inkomstestaat deur aansuiwerings in ag te neem<br>▪ Opstel van 'n Balansstaat<br>▪ Opstel van Notas tot die Balansstaat (Vaste Bates, Handels- en ander ontvangbare bedrae, gewone aandelekapitaal, Behoue inkomste, Handels- en ander betaalbare bedrae) | ▪ Ken die **formate**<br>▪ Toon al jou be**werkings** |
| C | Ontleding en vertolking van finansiële state | ▪ Bereken finansiële aanwysers<br>▪ Ontleed en vertolk finansiële aanwysers<br>o Vergelyk oor twee jaar<br>o Vergelyk finansiële aanwysers van twee maatskappye. | ▪ Verstaan watter finansiële aanwysers gebruik word om watter aspek te vertolk<br>▪ Wanneer finansiële aanwysers ontleed word, onhou om die finansiële aanwyser(s) aan te haal; om die werklike syfers /persentasie/ verhouding van beide jare / beide maatskappye te noem en te vergelyk (afhangende van die vraag); en 'n verduideliking te gee. |



Copyright reserved 

| | | Jy moet die volgende kan doen: | Dit is belangrik om die volgende te onthou: |
|---|---|---|---|
| D | Ouditverslae | Ontleed ouditverslae | ▪ Verstaan die verskillende ouditverslae (ongekwalifiseerd, gekwalifeseerd, weerhouding van mening)<br>▪ Verstaan die verskil tussen 'n interne ouditeur en 'n onafhanklike auditeur |

**ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE**

| Vrae wat deur gebruikers van finansiële state gevra word | | Kategorie | Finansiële aanwysers | Hoe om te bereken |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Is die maatskappy doeltreffend in sy gewone bedryfsaktiwiteite? | Winsgewendheid | Winsopslag % / % Bruto wins op koste van verkope | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| | | | % Bruto wins op verkope | |
| | | | % Bedryfsuitgawes op verkope | |
| | | | % Bedryfswins op verkope | |
| | | | % Netto wins na belasting op verkope | |
| 2 | Kan die maatskappy al sy skuld met gemak vereffen? | Solvensie | Solvensie verhouding | |



Copyright reserved 

| Vrae wat deur gebruikers van finansiële state gevra word | | Kategorie | Finansiële aanwysers | Hoe om te bereken |
|---|---|---|---|---|
| 3 | Kan die maatskapy sy onmidellike skuld met gemak vereffen? | Likiditeit | Bedryfsverhouding | |
| | | | Vuurproefverhouding | |
| | | | Voorraad omsetsnelheid | |
| | | | Tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is | |
| | | | Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn | |
| | | | Gemiddelde Krediteure-betalingstermyn | |
| 4 | Verdien die aandeelhouers ‘n redelike bedrag in terme van hulle belegging? | Opbrengs | % Opbrengs op aandeelhouersekwiteit | |
| | | | Verdienste per aandeel | |
| | | | Dividende per aandeel | |
| | | | Netto batewaarde per aandeel | |
| 5 | Tot watter mate word die maatskappy deur lenings gefinansier in ooreenstemming met kapitaal? | Finansiële risiko / gerat / | Skuld-ekwiteitsverhoudig | |
| | | | % Opbrengs op totale kapitaal aangewend | |



Copyright reserved

**Aktiwiteit 1** **Inkomstestaat; Behoue Inkomste Nota**

Jy word voorsien van die Voor-aansuiweringsproefbalans van Moza Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2015.

**GEVRA:**

1.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2015. Toon alle bewerkings in hakies.

1.2 Stel die Behoue Inkomste nota op.

**INLIGTING:**

**MOZA BPK**
**VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 30 JUNIE 2015**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | | |
| Gewone aandelekapitaal | | 6 750 000 |
| Behoue inkomste (1 Julie 2014) | | 1 642 700 |
| Grond en geboue | 5 068 800 | |
| Toerusting | 1 478 400 | |
| Voertuie | 1 953 600 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 818 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 707 400 |
| Verbandlening: Freedom Bank | | 1 930 800 |
| Handelsvoorraad | 2 292 000 | |
| Vaste deposito: Bold Bank (8% p.j.) | 1 180 000 | |
| Bank | 751 400 | |
| Kleinkas | 6 000 | |
| Debiteurekontrole | 950 400 | |
| Krediteurekontrole | | 1 169 400 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 628 200 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 43 200 |
| | | |
| **Nominale rekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 25 200 000 |
| Debiteure-afslag | 348 400 | |
| Koste van verkope | 17 928 800 | |
| Huur inkomste | | 555 680 |
| Rente inkomste (op vaste deposito) | | 63 900 |
| Oninbare skulde verhaal | | 5 520 |
| Bemarkingsuitgawes | 1 152 000 | |
| Direkteursfooie | 2 016 000 | |
| Ouditfooie | 177 000 | |
| Salarisse en lone | 2 155 860 | |
| Verpakkingsmateriaal | 55 400 | |
| Diverse uitgawes | 153 040 | |
| Oninbare skulde | 28 800 | |
| Gewone aandele dividende (tussentydse) | 562 500 | |
| | | |
| | 38 886 600 | 38 886 600 |



Kopiereg voorbehou

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

A. Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 750 000 gewone aandele.

Daar was 500 000 aandele uitgereik aan die begin van die finansiële jaar. ‘n Verdere 125 000 nuwe gewone aandele is op 15 Julie 2014 uitgereik teen 1 450 sent elk. Hierdie aandele is korrek opgeteken.

Op 22 Junie 2015 is 40 000 aandele van ‘n aandeelhouer teen 1 840 sent teruggekoop. Hierdie inskrywing is nog nie opgeteken nie.

B. ‘n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2015 het die volgende voorrade voorhande getoon:
- Handelsvoorraad R2 164 800
- Verpakkingsmateriaal R10 200

C. Maak voorsiening vir uitstaande rente op die vaste deposito. Hierdie belegging bestaan vir die volle jaar. Rente word nie gekapitaliseer nie.

D. ‘n Debiteur wat R76 800 skuld, is as insolvent verklaar. Sy boedel het 60 sent in elke rand betaal en dit is korrek opgeteken. Die oorblywende saldo moet as oninbaar afgeskryf word.

E. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van debiteure aangepas word.

F. Die leningstaat wat van Freedom Bank op 30 Junie 2015 ontvang is, het die volgende getoon:

| | **R** |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die finansiële jaar | 2 700 000 |
| Terugbetalings gedurende die jaar | 1 099 200 |
| Rente gekapitaliseer | **?** |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | 1 930 800 |

G. Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:
- Voertuie teen 15% p.j. op kosprys
- Toerusting teen 10% p.j. op die verminderde saldo metode.

LW: ‘n Nuwe voertuig is op 1 April 2015 vir R600 000 aangekoop. Dit is korrek opgeteken.

H.

I. Dividende van 65 sent per aandeel is op 30 Junie 2015 verklaar. Hierdie dividende is nog nie betaal of opgeteken nie.

J. Inkomstebelasting vir die jaar, R360 256.



Kopiereg voorbehou 

**Aktiwiteit 2** **Konsepte, Balansstaat, Notas tot Balansstaat**

2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term/begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom | A | riglyne vir die opstel van finansiële state om konsekwentheid te verseker |
| 2.1.2 | Direkteur | B | verantwoordelik vir die instandhouding van rekords en beheer van nuwe en bestaande maatskappye |
| 2.1.3 | IFVS ('IFRS') | C | die onderneming is vir sy eie skulde verantwoordelik en die eienaars is beperk tot die bedrae deur hulle belê |
| 2.1.4 | Beperkte aanspreeklik-heid | D | verantwoordelik vir die uitspreek van 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy |
| 2.1.5 | Onafhanklike ouditeur | E | 'n verkose lid van die raad wat verantwoordelik is vir die bestuur van die onderneming en vir die implementering van beleid |

2.2 Goothandelaars Bpk. is 'n publieke maatskappy wat op die JEB gelys is. Die onderneming het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele.

**GEVRA:**

2.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

(a) Gewone aandelekapitaal
(b) Behoue inkomste
(c) Handels- en ander ontvangbare bedrae

2.2.2 Voltooi die Balansstaat op 30 Junie 2015. Waar notas nie gevra word nie, toon ALLE bewerkings tussen hakies om deelpunte te verdien.



Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

**A.** Op 1 Julie 2014 het uitgereikte aandelekapitaal uit 850 000 gewone aandele bestaan.

**B.** **Die volgende totale is uit die boeke op 30 Junie 2015 geneem:**

| | |
|---|---:|
| Vaste/Tasbare bates (drawaarde) | ? |
| Vaste deposito: Swan Bank | 120 000 |
| Gewone aandelekapitaal (850 000 aandele) | 5 737 500 |
| Behoue inkomste (1 Julie 2014) | 181 900 |
| Bank | 351 200 |
| Lening: Drake Bank | 295 000 |
| Handelsvoorraad | 355 700 |
| Netto handelsdebiteure (na aftrek van voorsiening vir oninbare skuld) | 118 370 |
| Krediteurekontrole | 197 000 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings) | 320 900 |
| Dividende op gewone aandele (tussentydse dividende) | 315 000 |

**C.** Geen inskrywings is vir die terugkoop van aandele gemaak nie. Op 1 Oktober 2014 het die onderneming 150 000 gewone aandele teruggekoop by sekere aandeelhouers. Alhoewel die markprys van die aandele R9,25 is, het hulle R7,40 per aandeel aanvaar. Hierdie aandeelhouers is nie op tussentydse dividende geregtig nie.

**D.** Die volgende aansuiwerings is nog nie ag geneem nie:

- Versekering sluit 'n jaarlikse polis van R29 832 in wat op 1 Desember 2014 betaal is.
- Die voorsiening vir oninbare skuld moet met R6 100 verhoog word.
- Ongebruikte verpakkingsmateriaal beloop R9 500.
- 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R11 700 moet na die Krediteure-grootboek oorgeplaas word.
- Die bankversoeningstaat het 'n vooruitgedateerde tjek van R33 000, gedateer 31 Augustus 2015, getoon.
- Die staat van Drake Bank ontvang in verband met die lening het rente gekapitaliseer van R31 200 getoon. Maandelikse terugbetalings is R10 800 insluitend rente. Hierdie terugbetalings sal in 2018 eindig.
- Op 30 Junie 2015 is 'n finale dividend van 40 sent per aandeel verklaar.

**E.** Netto wins na belasting, nadat die bostaande aansuiwerings in ag geneem is, is as R813 600 bereken. Die inkomstebelastingkoers is 28% van die netto wins voor belasting.



Kopiereg voorbehou 

**Aktiwiteit 3** **Kontantvloeistaat**

3.1 Wat is die hoofdoel van 'n Kontantvloeistaat?

3.2 Verwys na die vastebate-nota onder **Inligting C**.

Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur **a, b, c** en **d**) in die Vaste/Tasbarebate-nota vir die jaar geëindig 31 Oktober 2015.

3.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2015. Toon ALLE bewerkings tussen hakies.

3.4 Die direkteure het meer aandele uitgereik en vaste bates verkoop om die kontantvloei te verbeter. 'n Aandeelhouer, John Meanwell, het hierdie besluite gekritiseer.

In elke geval:
- Verskaf 'n rede om Jean se opinie te ondersteun.
- Behalwe om die kontantvloei te verbeter, verskaf 'n rede om die direkteure se besluit te ondersteun.

**INLIGTING:**

**A. Die volgende inligting is uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2015 geneem:**

| | |
|---|---|
| Rente op lening (alles gekapitaliseer) | 175 500 |
| Inkomstebelasting | 375 000 |
| Netto wins na belasting | 975 000 |

**B. Inligting uit die Balansstaat geneem:**

| | **31 Oktober 2015** | **31 Oktober 2014** |
|---|---|---|
| **Bedryfsbates** | **4 804 000** | **2 820 000** |
| Voorrade | 1 437 500 | 1 656 250 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae (sien D) | 1 075 000 | 956 250 |
| Kontant en kontantekwivalente | 2 291 500 | 207 500 |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | **4 450 000** | **4 000 000** |
| Gewone aandelekapitaal (sien F) | 3 450 000 | 3 150 000 |
| Behoue inkomste | 1 000 000 | 850 000 |
| **Lening: Freeport Bank (12% p.j.)** | **2 000 000** | **1 375 000** |
| **Bedryfslaste** | **1 450 000** | **1 262 500** |
| Handels- en ander betaalbare bedrae (sien E) | 1 450 000 | 1 262 500 |



Kopiereg voorbehou 

**C. Vaste/Tasbare bates:**

| | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde aan die begin van die finansiële jaar** | **3 000 000** | **660 000** | **?** |
| Kosprys | 3 000 000 | 900 000 | ? |
| Opgelope waardevermindering | 0 | (240 000) | (52 500) |
| **Bewegings** | | | |
| Toevoegings teen kosprys | 0 | 0 | 48 000 |
| Verkope teen drawaarde | **(a)** | **(c)** | 0 |
| Waardevermindering | 0 | **(b)** | (55 500) |
| **Drawaarde aan die einde van die finansiële jaar** | **2 500 000** | **446 000** | **(d)** |
| Kosprys | 2 500 000 | 750 000 | 258 000 |
| Opgelope waardevermindering | 0 | (304 000) | ? |

**Addisionele inligting met betrekking tot vaste bates:**

- 'n Voertuig is teen sy drawaarde op die LAASTE dag van die finansiële jaar verkoop. Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode afgeskryf.
- Grond en geboue is teen kosprys gedurende die finansiële jaar verkoop.

**D.**

| Handels- en ander ontvangbare bedrae sluit in: | 31 Oktober 2015 | 31 Oktober 2014 |
|---|---|---|
| SAID: Inkomstebelasting | R22 500 | 0 |

**E.**

| Handels- en ander betaalbare bedrae sluit in: | 31 Oktober 2015 | 31 Oktober 2014 |
|---|---|---|
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | R27 500 |
| Aandeelhouers vir dividende | R450 000 | R385 000 |

**F.** Besonderhede van die gewone aandelekapitaal:

- Gewone aandelekapitaal aan die begin van die 2015-finansiële jaar het uit 700 000 gewone aandele bestaan, met 'n totale waarde van R3 150 000.
- Op 1 November 2014 is 50 000 addisionele gewone aandele uitgereik teen R6,00 elk.
- Daar was geen ander veranderinge aan die aandelekapitaal nie.

**G.** Die dividende (tussentyds en finaal) vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2015 beloop R825 000.


Kopiereg voorbehou

**Aktiwiteit 4** **Kontantvloeistaat; Verdelingsrekening; berekening en vertolking van finansiële aanwysers**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cobrah Bpk.

**GEVRA:**

4.1 Gebruik die gegewe inligting om die volgende op te stel:
- Die nota vir kontant uit bedrywighede gegenereer
- Die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 April 2015 (toon bewerkings in hakies waar notas nie verlang word nie)

4.2 Stel die Verdelingsrekening op.

4.3 Bereken die finansiële aanwysers wat deur (a) tot (e) aangedui word.

4.4 Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede sal wees, aldan nie, met die dividende, verdienste en opbrengs verdien. Haal gepaste finansiële aanwysers aan om uou antwoord te staaf.

4.5 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die maatskappy. Haal aan en verduidelik VIER finansiële aanwyers om jou antwoord te staaf.

4.6 Lewer kommentaar oor die finansiële geratheid van die maatskappy. Verduidelik en haal finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf.

**INLIGTING:**

**FINANSIËLE AANWYSERS**

| | **2015** | **2014** |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,1 : 1 | 1,6 : 1 |
| Vuurproefverhouding | **(a)** | 0,7 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | **(b)** | 2,3 keer |
| Debiteure-invorderingstermyn | 24 dae | 43 dae |
| Krediteure-betalingstermyn | 30 dae | 43 dae |
| Skuld-ekwiteitverhouding | **(c)** | 0,7 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel | **(d)** | 79 sent |
| Verdienste per aandeel | 19,9 sent | 12,5 sent |
| Dividende per aandeel | 21 sent | 12 cents |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | **(e)** | 19,6% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 24,5% | 17,1% |
| Rentekoers op lenings | 14% | 14% |



Kopiereg voorbehou 

**COBRAH BPK**
**BALANSSTAAT OP 30 APRIL 2015**

| | 2015 | 2014 |
|---|---|---|
| BATES | 2 237 500 | 1 714 400 |
| Nie-bedryfsbates | | |
| Vaste bates | 1 917 500 | 1 514 400 |
| Beleggings | 320 000 | 200 000 |
| | | |
| Bedryfsbates | 854 300 | 999 600 |
| Voorrade (alles handelsvoorraad) | 575 000 | 650 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae (insluitende SAID) | 276 300 | 244 600 |
| Kontant en kontantekwivalente | 3 000 | 105 000 |
| TOTAL BATES | 3 091 800 | 2 714 000 |
| | | |
| EKWITEIT EN LASTE | | |
| Aandeelhouersbelang | 1 564 800 | 1 286 000 |
| Gewone aandelekapitaal (sien inligting nr. 4 hieronder) | 1 344 000 | 960 000 |
| Behoue inkomste | 220 800 | 326 000 |
| | | |
| Nie-bedryfslaste | 740 000 | 800 000 |
| Verbandlening: Bukha Bank | 740 000 | 800 000 |
| | | |
| Bedryfslaste | 787 000 | 628 000 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 372 000 | 404 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 273 000 | 224 000 |
| Oortrokke bank | 142 000 | |
| | 3 091 800 | 2 714 000 |

**ADDISIONELE INLIGTING**

1. Die Inkomstestaat vir 2015 toon die volgende:
   Verkope, R3 500 000
   Koste van verkope, R2 200 000
   Rente uitgawe, R104 000 (alle verskuldigde rente is betaal)
   Waardevermindering R207 300
   Inkomstebelasting, R151 200
   Netto inkomste na belasting, R388 800

2. Verouderde vaste bates is teen drawaarde gedurende die jaar vir R145 000 verkoop.

3. Vir die afgelope twee jaar, het die voorlopige belastingbetalings die belasting vir die jaar oorskry. Die bedrag deur SAID verskuldig is in Handels- & ander ontvangbare bedrae ingesluit. SAID skuld R11 600 op 30 April 2014, en R7 300 op 30 April 2015.

4. Gewone aandelekapitaal:

| | |
|---|---|
| 1 600 000 uitgereikte aandele op 1 Mei 2014 | R960 000 |
| 800 000 aandele is op 1 November 2014 uitgereik | R576 000 |
| 300 000 aandele is op 28 Februarie 2015 teruggekoop teen 95 sent per aandeel | ? |

5. ‘n Tussentydse dividend van 8 sent per aandeel is op 1 Oktober 2014 betaal. ‘n Finale dividend van 13 sent per aandeel is op 30 April 2015 verklaar.



Kopiereg voorbehou 

**OORSIG VAN REKONSILIASIES**

| | | Jy moet die volgende kan doen: | Dit is belangrik om die volgende te onthou: |
|---|---|---|---|
| A | Bankversoening | ▪ Bereken die korrekte Bank saldo deur die formaat in the vraag te gebruik<br>▪ Stel die Bankversoeningstaat op | ▪ Die versoening van die Bankstaat ontvang van die bank, met die KOJ en KBJ, is 'n belangrike deel van interne beheer |
| B | Krediteureversoening | ▪ Versoen staat van 'n krediteur ontvang met hulle rekening in die Krediteuregrootboek | ▪ Die versoening van die staat ontvang van die krediteur met die krediteur se rekening in die Krediteuregrootboek is 'n belangrike deel van interne beheer |
| C | Debiteureversoening en Deiteure-ouderdomsontleding analysis | ▪ Versoen Debiteurelys met Debiteurekontrole-rekening<br>▪ Ontleed Debiteure-ouderdomsontleding | |

---

**Aktiwiteit 5** **Bankversoening**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Protea Skryfbehoeftes vir Mei 2015.

**GEVRA:**

5.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale geboekstaaf moet word deur die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien is, te voltooi. Totale word nie gevra nie.

5.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2015 op.

5.3 As interne ouditeur is jy nie gelukkig oor die wyse waarop kontant in hierdie besigheid beheer word nie. Identifiseer TWEE probleme en verskaf syfers om jou antwoord te staaf. Gee raad oor hoe hierdie probleme in die toekoms voorkom kan word.

**INLIGTING:**

**A.** Inligting uit die Bankversoeningstaat op 30 April 2015:

| | | |
|---|---|---|
| Gunstige saldo volgens Bankstaat | | 27 300 |
| Uitstaande deposito's: | Gedateer 12 April 2015 | 16 000 |
| | Gedateer 28 April 2015 | 21 500 |
| Uitstaande tjeks: | Nr. 1010 (gedateer 10 November 2014) | 2 000 |
| | Nr. 1366 (gedateer 29 April 2015) | 7 200 |
| | Nr. 1590 (gedateer 18 Mei 2015) | 12 600 |
| Gunstige saldo volgens Bankrekening in die Grootboek | | 43 000 |


Kopiereg voorbehou 

**B.** 'n Vergelyking van die Bankstaat van Mei 2015 met die Kontantjoernale van Mei 2015 het die volgende getoon:

- Bankkoste van R840 op die Bankstaat is nie in die Joernale aangeteken nie.
- 'n Geweierde tjek van R6 800 verskyn op die Bankstaat. Hierdie tjek is van A Apple, 'n debiteur, ontvang ter vereffening van sy rekening van R7 250.
- Rente van R860 wat op die Bankstaat gekrediteer is, is nie in die Joernale aangeteken nie.
- Tjeknr. 1654, uitgereik aan 'n krediteur, Hatfield Winkels, verskyn korrek op die Bankstaat as R7 940. Dit is as R9 740 in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.
- 'n Debietorder van R880 vir die maandelikse versekering verskyn twee keer op die Bankstaat, maar geen inskrywing is in die Joernale gemaak nie. Die bank sal dit op volgende maand se Bankstaat regstel.

**C.** Items wat in die Bankversoeningstaat van April verskyn het:

- Slegs tjeknr. 1366 en die deposito van R21 500 verskyn op die Bankstaat vir Mei 2015.
- Tjeknr. 1010 is aan die Unie Tennisklub uitgereik ter betaling van die eienaar se ledegeld. Die klub bestaan nie meer nie.
- Die uitstaande deposito van R16 000 is ten opsigte van kontant ontvang as kommissie. Dit het nie op die Bankstaat verskyn nie. Die kassiere in beheer van deposito's het gesê dat sy op pad bank toe beroof is. Die eienaar het die afskryf van hierdie bedrag gemagtig aangesien die besigheid nie die gelde sal kan verhaal nie.

**D.** Die Mei 2015 Kontantontvangstejoernaal toon die volgende uitstaande deposito's:

- R15 500 op 14 Mei 2015
- R20 200 op 29 Mei 2015

**E.** Tjeks uit die Mei 2015 Kontantbetalingsjoernaal wat nie vir betaling aangebied is nie:

- Nr. 1660 vir R5 600 (gedateer 27 Mei 2015)
- Nr. 1698 vir R7 555 (gedateer 23 Julie 2015)

**F.** Die Bankstaat op 31 Mei 2015 toon 'n gunstige saldo van R9 175.


Kopiereg voorbehou

**<u>Aktiwiteit 6</u>** **Debiteureversoening**

Fine Handelaars verkoop glasware vir kontant en op krediet. Alhoewel hulle kredietvoorwaardes 60 dae is, begroot hulle met die verwagting dat 80% van debiteure hierdie voorwaardes sal nakom.

**GEVRA:** Bestudeer die gegewe inligting en beantwoord die vrae wat volg.

6.1 Verduidelik waarom die Debiteurekontrolerekening met die Debiteurelys ooreen behoort te stem.

6.2 Verduidelik TWEE prosesse wat die boekhouer moet volg indien hy/sy 'n verskil tussen die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys in die Debiteuregrootboek ontdek.

6.3 Bereken die volgende:

6.3.1 Die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening soos op 31 Maart 2015

6.3.2 Die korrekte bedrae verskuldig deur die volgende debiteure van Fine Handelaars:
- R Jansen
- S Wonder
- P Collins

6.4 Aan die einde van Februarie het die debiteure se ouderdomsontleding die volgende gereflekteer:

| TOTAAL | HUIDIG | 30–60 DAE | 61–90 DAE | MEER AS 90 DAE |
|---|---|---|---|---|
| R201 200 | R35 300 | R22 800 | R78 000 | R65 100 |

6.4.1 Beheer Fine Handelaars hulle debiteure op 'n doeltreffende manier? Verduidelik deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf.

6.4.2 Verduidelik TWEE maatreëls wat 'n besigheid kan instel om die invordering van fondse vanaf debiteure te verbeter.

**INLIGTING:**

1. Saldo van Debiteurekontrolerekening op 31 Maart 2015, R200 000

2. Saldo's volgens Debiteuregrootboek op 31 Maart 2015:

| | |
|---|---|
| M Carey | R64 500 |
| R Jansen | R41 200 |
| S Wonder | R23 000 |
| C Dion | R51 500 |
| P Collins | R7 900 |
| TOTAAL | R188 100 |

3. Die volgende foute en weglatings is ontdek en moet reggestel word:

A. Die Debiteurejoernaal se totaal is met R2 600 te veel opgetel.

B. 'n Faktuur uitgereik aan S Wonder vir R1 800 is nog nie in die boeke van Fine Handelaars aangeteken nie.

C. Goedere op krediet verkoop aan P Collins is foutiewelik na die rekening van R Jansen oorgeboek, R8 300.

D. 'n Faktuur uitgereik aan P Collins vir R6 000 is na die verkeerde kant van sy rekening oorgeboek.



Kopiereg voorbehou 

E. 'n Tjek van R13 500, wat oorspronklik van R Jansen ontvang is om 'n faktuur van R15 000 te vereffen, is deur die bank teruggestuur as gevolg van onvoldoende fondse. Geen inskrywings is nog gemaak nie.

F. Goedere op krediet verkoop aan S Wonder vir R5 800 is korrek in die Debiteurejoernaal aangeteken, maar foutiewelik as R8 500 na S Wonder se rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

---

**Aktiwiteit 7 Krediteureversoening**

Comet Handelaars ontvang 'n rekeningstaat van 'n krediteur, Meteor Verskaffers. Die saldo op die rekeningstaat stem nie ooreen met dit wat op die rekening van Meteor Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Comet Handelaars verskyn nie.

**GEVRA:**

Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK om aan te toon hoe die verskille hanteer moet word om die saldo van die Krediteuregrootboekrekening met die saldo van die rekeningstaat te versoen.

Skryf die bedrae in die toepaslike kolomme en dui die toename of afname met 'n (+) of (-) aan met elke bedrag.

Tel die kolomme op om die korrekte saldo's aan die einde van Maart 2015 aan te toon.

**INLIGTING:**

| | |
|---|---|
| Saldo van Meteor Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Comet Handelaars | R10 705 |
| Saldo op die rekeningstaat wat van Meteor Verskaffers ontvang is | R19 120 |

'n Vergelyking tussen die Krediteuregrootboekrekening van Meteor Verskaffers en die rekeningstaat toon die volgende verskille:

**A.** 'n Faktuur vir R9 870 ontvang van Meteor Verskaffers is korrek in die Krediteuregrootboekrekening geboekstaaf. Die bedrag is foutiewelik as R8 790 op die rekeningstaat aangeteken.

**B.** Comet Handelaars het 'n korting van R375 opgeteken ten opsigte van 'n betaling van R5 000 wat op 15 Maart 2015 betaal is. Meteor Verskaffers het nie hierdie korting goedgekeur nie aangesien die betaling laat ontvang is.

**C.** Die rekeningstaat toon terugsendings ter waarde van R890. Die Krediteuregrootboekrekening toon R690. Daar is vasgestel dat Comet Handelaars die waarde van die goedere wat teruggestuur is, verkeerd bereken het.

**D.** 'n Faktuur vir R2 160 ontvang van Meteor Verskaffers is foutiewelik as 'n debietnota in die Krediteuregrootboek geboekstaaf.

**E.** 'n Direkte oordrag van R5 000 deur Comet Handelaars is in die Kontantbetalingsjoernaal op 29 Maart 2015 geboekstaaf. Die rekeningstaat van Meteor Verskaffers is 25 Maart 2015 gedateer.



Kopiereg voorbehou 

**OORSIG VAN VOORRADE**

| | | Jy moet die volgende kan doen: |
|---|---|---|
| A | Voorraadstelsels | ▪ Ken die verskille tussen die Periodieke Voorraadstelsel en die Deurlopende Voorraadstelsel<br>▪ Ken die HOOF verskil tussen die twee stelsels |
| B | Waardasie metodes | Voorraad waardeer deur die volgende stelsels te gebruik:<br>▪ Eerste-In-Eerste-Uit (EIEU)<br>▪ Geweegde gemiddelde<br>▪ Spesifieke Identifikasie |
| C | Verwante finansiële aanwysers | Bereken en vertolk finansiële aanwysers in met betrekking tot voorrade:<br>▪ Periode waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is<br>▪ Voorraadomsetsnelheid<br>▪ Winsopslag % |

---

**<u>Aktiwiteit 8</u> EIEU en geweegde gemiddelde**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Tennis Classics, 'n besigheid wat tennisrakette en tennisballe verkoop. Chris Wimbledon is die eienaar van die besigheid. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

**GEVRA:**

8.1 Verwys na Inligting A. Verduidelik kortliks waarom dit toepaslik is dat Chris die EIEU-metode vir tennisrakette, en die geweegdegemiddelde-metode vir tennisballe gebruik.

8.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir die twee voorraaditems. Toon ALLE bewerkings deur beide die aantal eenhede en die waarde van die eenhede te gebruik.
- Tennisrakette (gebruik EIEU-metode)
- Tennisballe (gebruik geweegdegemiddelde-metode)

8.3 Vir tennisrakette, bereken die volgende:
- Koste van verkope
- Bruto wins
- BTW gevra vir klante op tennisrakette verkoop
- %-Winsopslag

LW: Jy mag 'n Handelsrekening vir tennisrakette opstel om jou te help met die identifisering van hierdie syfers.

8.4 Chris vermoed dat hy nie sy voorraad voldoende beheer nie.

- Hy vermoed dat die tennisrakette wat hy verkoop, nie baie gewild onder sy klante is nie.
- Hy vermoed dat tennisballe gesteel word.

Haal inligting uit die vraag wat sy vermoedens sal bevestig. Verskaf 'n geskikte berekening in elke geval om jou antwoord te ondersteun.

8.5 Chris het jou gevra om 'n vennoot in hierdie besigheid te word. Verduidelik drie strategieë wat jy in hierdie besigheid sal wil implementeer indien jy 'n vennoot sou word (jou strategieë moet op spesifieke inligting uit die vraag gebaseer word).



Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

A. **Voorraad word volgens die volgende metodes gewaardeer:**

- Tennisrakette: Eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU)
- Tennisballe: Geweegdegemiddelde-metode

B. **Voorraadwaardering** aan die begin en einde van die rekeningkundige periode:

| | **Tennisrakette** | | | **Tennisballe** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde |
| 01/03/2014 | 90 | R600 | R54 000 | 1 200 | R7,20 | R8 640 |
| 28/02/2015 | 205 | ? | ? | 550 | ? | ? |

C. **Vraggeld, wisselkoerse en invoerbelasting:**

C.1 **Tennisrakette:** Die rakette word in Suid-Afrika vervaardig. Vervoerkoste is R35,00 per tennisraket. ‘n Totaal van R10 500 is betaal vir die vervoer van die 300 tennisrakette aangekoop. Vervoerkoste is ingesluit in die beginvoorraadsyfer van R600.

C.2 **Tennisballe:** Die balle word uit die VSA ingevoer. Pryse word in VSA dollar ($) gekwoteer. Die wisselkoers was R8,50 = $1.00 dwarsdeur die jaar. Invoerbelasting word teen 20% van die randwaarde van die aankope gehef. Vervoerkoste word deur die vervaardiger betaal. Invoerbelasting is in die beginvoorraadsyfer van R7,20 ingesluit.

D. **Aankope gedurende die jaar:**

| | **Tennisrakette** | | | **Tennisballe** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal eenhede | Aankoop-prys per eenheid | Totale waarde in Rand | Aantal eenhede | Aankoop-prys per eenheid in VS Dollar (Invoerbelasting uitgesluit) | Totale waarde in VS Dollar |
| 25/05/2014 | 75 | R560 | R42 000 | 3 000 | $0,75 | $2 250 |
| 25/08/2014 | 75 | R600 | R45 000 | 3 000 | $0,90 | $2 700 |
| 26/11/2014 | 75 | R675 | R50 625 | 3 000 | $0,90 | $2 700 |
| 25/01/2015 | 75 | R675 | R50 625 | 3 000 | $1,20 | $3 600 |
| **Totaal** | 300 | | R188 250 | 12 000 | | $11 250 |

5. **Verkope gedurende die jaar:**

- **Tennisrakette:** 185 eenhede teen R900 elk = R166 500
- **Tennisballe:** 10 500 eenhede teen R14,50 elk = R152 250



Kopiereg voorbehou 

**Aktiwiteit 9** **Spesifieke identifikasie**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Wizard Kunsgalery vir September 2015. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel en die spesifieke identifikasie metode om voorraad te waardeer.

9.1 Bereken en vul die ontbrekende syfers in die voorraad opsommingsblad wat in jou werkboek verskaf word.

9.2 Bereken die Bruto wins vir September 2015.

**LET OP: ALLE INLIGTING IS IN JOU WERKBOEK**

---

**OORSIG VAN VERVAARDIGING**

| | | Jy moet die volgende kan doen: | Dit is belangrik om die volgende te onthou: |
|---|---|---|---|
| A | Koste begrippe | | Maak seker dat jy die verskillende koste begrippe en kategorieë ken |
| B | Produksiekostestaat met Notas | ▪ Prepare the Production Cost Statement with Notes | Ken en verstaan die **formaat** van die Produksiekostestaat |
| C | Eenheidskoste en Gelykbreekpunt | ▪ Bereken eenheidskoste<br>▪ Bereken gelykbreekpunt<br>▪ Bereken kontribusie per eenheid<br>▪ Ontleed en vertolk gelykbreek-punt en eenheidskoste | Weet wat die gelykbreekpunt toon |



Kopiereg voorbehou 

**Aktiwiteit 10**

**COOL STOELVERVAARDIGERS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cool Stoelvervaardigers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016.

Die besigheid vervaardig en verkoop slegs een tipe produk, naamlik plastiekstoele.

**GEVRA:**

10.1 Stel die volgende notas tot die Produksiekostestaat op:
- Direktemateriaalkoste/Grondstofkoste
- Direkte arbeidskoste
- Fabrieksbokoste

10.2 Stel die Produksiekostestaat op.

10.3 Bereken die eenheidskoste van produksie per voltooide plastiekasblik.

**INLIGTING:**

**A. Eenhede geproduseer:**

58 000 stoele is gedurende die finansiële jaar voltooi.

**B. Voorraadsaldo's:**

| | **1 Maart 2015** | **28 Februarie 2016** |
|---|---|---|
| Direktemateriaalvoorraad/Grondstofvoorraad | R57 900 | R34 200 |
| Goedere-in-bewerking-voorraad | 169 500 | 120 600 |
| Fabriek-indirektemateriaalvoorraad | 8 100 | 7 400 |

**C. Fabriekswerkers in die produksieproses:**

| | |
|---|---|
| Aantal fabriekswerkers wat direk op die asblikke werk (onveranderd dwarsdeur die jaar) | 12 werkers |
| Aantal normale ure deur elke fabriekswerker gedurende die jaar gewerk | 1 600 uur |
| Aantal oortydure deur elke fabriekswerker gedurende die jaar gewerk | 240 uur |
| Loonskaal (gewone tyd) | R 60 per uur |
| Loonskaal (oortyd) | R100 per uur |

**D. Vloerspasie:**

| | **Fabriek** | **Kantoor** | **Verkoopsdept.** |
|---|---|---|---|
| Vierkante meter | 1 200 vk. meter | 600 vk. meter | 600 vk. meter |

**E. Water en elektrisiteit:**

15% van die bedrag word aan die kantoor en 25% aan die verkoopsdepartement toegeken. Die res is van toepassing op die fabriek.



Kopiereg voorbehou 

**F. Transaksies vir die jaar:**

| | R |
|---|---|
| Grondstowwe vir kontant en op krediet aangekoop | 1 622 700 |
| Defektiewe grondstowwe aan verskaffers teruggestuur | 23 100 |
| Vraggeld op grondstowwe aangekoop | 28 800 |
| Salarisse: | |
| • Fabrieksvoorman | 241 000 |
| • Kantoorwerkers | 270 000 |
| Lone: | |
| • Kantoorwerkers | 48 000 |
| • Fabriekswerkers in die produksieproses (sien Inligting C hierbo) | ? |
| WVF-bydraes (moet aan elke spesifieke kosterekening toegeken word): | |
| • Fabriekswerkers in die produksieproses | 11 520 |
| • Fabrieksvoorman | 2 410 |
| • Kantoorwerkers | 2 700 |
| Fabriek-indirektemateriaal aangekoop | 125 900 |
| Verkope van voltooide goedere (R120 per eenheid) | 7 800 000 |
| Kommissie aan verkoopspersone (10% van verkope) | ? |
| Advertensies | 145 000 |
| Fabrieksonderhoud | 85 000 |
| Oninbare skuld | 8 400 |
| Huur moet in verhouding tot die vloerspasie toegeken word (sien Inligting D hierbo) | 133 000 |
| Asblikke gesteel (rand-waarde) | 960 |
| Water en elektrisiteit (sien Inligting E hierbo) | 36 000 |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | 52 000 |
| Diverse administrasie-uitgawes | 150 800 |
| Diverse fabrieksuitgawes | 25 000 |

---

**Aktiwiteit 11** **Gelykbreekpunt en eenheidskoste**

**CRAZY VERVAARDIGERS**

Hierdie besigheid vervaardig plastiektafels.

Die inligting hieronder is van toepassing op die jaar geëindig 30 Junie 2015.

| | |
|---|---|
| Aantal tafels vervaardig | 12 000 |
| Verkope vir die jaar (alle vervaardigde eenhede is verkoop) | R480 000 |
| Totale vaste koste | R210 000 |
| Totale veranderlike koste | R300 000 |

**GEVRA:**

11.1 Gee EEN voorbeeld van 'n vaste koste en EEN voorbeeld van 'n veranderlike koste.

11.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir 'n besigheid voor die begin van 'n finansiële jaar te bereken.

11.3 Gebruik die bostaande syfers om die gelykbreekpunt te bereken.

11.4 Lewer kommentaar op jou berekening in VRAAG 11.3. Watter raad sal jy aan Crazy Vervaardigers gee? Verduidelik kortliks.



Kopiereg voorbehou 

## FORMATE VAN FINANSIËLE STATE

**……………………………….. BEPERK**

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG …………………………**

| | Nota | R |
|---|---|---|
| Verkope | | |
| Koste van verkope | | |
| Bruto wins | | |
| Ander bedryfsinkomste | | |
| Fooi-inkomste | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Bedryfsuitgawes | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Bedryfswins (verlies) | | |
| Rente inkomste | 1 | |
| | | |
| Rente uitgawe | 2 | |
| Wins (verlies) voor belasting | | |
| Inkomstebelasting | | |
| Netto wins (verlies) na belasting | 9 | |


Kopiereg voorbehou

**………………………………….. BEPERK**

**BALANSSTAAT OP ……………………………**

| | **Nota** | **R** |
|---|---|---|
| **BATE** | | |
| NIE-BEDRYFSBATES | | |
| Vaste / tasbare bates | 3 | |
| Finansiële bates | | |
| BEDRYFSBATES | | |
| Voorraad | 4 | |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | 5 | |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 | |
| **TOTALE BATES** | | |
| **EKWITEIT & LASTE** | | |
| AANDEELHOUERSBELANG | | |
| Gewone aandelekapitaal | 7 | |
| Behoue inkomste | 8 | |
| NIE-BEDRYFSLASTE | | |
| Lening van | | |
| Lening van | | |
| BEDRYFSLASTE | | |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 9 | |
| Bankoortrekking | | |
| Korttermynlening terugbetaalbaar *(LW. Kan in nota 9 geplaas word)* | | |
| **TOTALE EKWITEIT & LASTE** | | |



Kopiereg voorbehou 

**.................................. BEPERK**

**NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE .................................**

**1 RENTE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| Op vaste deposito | |
| Op spaarrekening | |
| Op lopende bankrekening | |
| Op uitstaande debiteure | |
| | |

**2 RENTE UITGAWE**

| | |
|---|---|
| Op lening van | |
| | |
| | |

**3 VASTE BATES**

| | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Drawaarde aan begin van die jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |
| Beweging | | | | |
| Toevoegings teen kosprys | | | | |
| Bateverkope teen drawaarde | | | | |
| Waardevermindering | | | | |
| Drawaarde aan einde van die jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |

**4 VOORRAAD**

| | |
|---|---|
| Handelsvoorraad | |
| Verbruiksgoedere voorhande | |
| | |

**5 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE**

| | |
|---|---|
| Handelsdebiteure | |
| Voorsiening vir oninbare skuld | |
| Netto handelsdebiteure | |
| SAID (Inkomstebelasting) | |
| Voruitbetaalde uitgawes | |
| Opgelope inkomste (ontvangbaar) | |
| | |
| | |

**6 KONTANT & KONTANT EKWIVALENTE**

| | |
|---|---|
| Vaste deposito (verval binne 12 maande) | |
| Spaarrekening | |
| Bank | |



Kopiereg voorbehou 

| | |
|---|---|
| Wisselgeld | |
| Kleinkas | |
| | |

**7 AANDELEKAPITAAL**
**GEMAGTIGDE**

| | |
|---|---|
| Aantal gemagtigde gewone aandele: XXX gewone aandele | |

**UITGEREIK**

| | |
|---|---|
| XXX uitgereikte gewone aandele aan begin van die jaar | |
| XXX addisionele aandele gedurende die finansiële jaar uitgereik | |
| XXX gewone aandele teruggekoop (gemiddelde prys van XXX) | |
| XXX uitgereikte gewone aandele aan einde van die jaar | |

**8 BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | |
| Netto wins (verlies) na belasting vir die jaar | |
| Aandele teruggekoop | |
| Dividende op gewone aandele | |
| Betaal | |
| Aanbeveel | |
| Saldo aan die einde van die jaar | |

**9 HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE**

| | |
|---|---|
| Handelskrediteure | |
| Opgelope uitgawes (betaalbaar) | |
| Vooruitontvange inkomste | |
| Aandeelhouers vir dividende | |
| SAID (Inkomstebelasting) | |
| Krediteure vir salarisse | |
| Werkloosheidsversekeringsfonds | |
| Pensioenfonds | |
| Mediese fonds | |
| | |



Kopiereg voorbehou 

**……………………………… BEPERK**
**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG …………………………**

| | Nota | R |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant gegenereer (benut) deur bedrywighede | 1 | |
| Rente betaal | | |
| Dividende betaal | 3 | |
| Inkomstebelasting betaal | 4 | |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Aankope van vaste bate | 5 | |
| Opbrengs uit verkope van vaste bates | | |
| Beleggings verval / aangegaan | | |
| **Kontantvloei uit finansiële aktiwiteite** | | |
| Opbrengs van aandele uitgereik | | |
| Aandele teruggekoop | | |
| Langtermynlenings ontvang/ terugbetaal | | |
| **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | 2 | |
| **Kontant & kontantekwivalente aan die begin van die jaar** | 2 | |
| **Kontant & kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 2 | |

**NOTAS TOT DIE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG ……………………**

**1 REKONSILIASIE VAN NETTO WINS VOOR BELASTING EN KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE**

| | |
|---|---|
| Netto wins voor belasting | |
| Aansuiwerings ten opsigte van: | |
| Waardevermindering | |
| Rente uitgawe | |
| Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal | |
| Kontantgevolge /-effekte van veranderinge in bedryfskapitaal | |
| Verandering in voorraad | |
| Verandering in debiteure | |
| Verandering in krediteure | |
| | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | |



Kopiereg voorbehou 

**2 KONTANT & KONTANTEKWIVALENTE**

| | Netto verandering | Jaar 2 | Jaar 1 |
|---|---|---|---|
| Bank | | | |
| Wisselgeld | | | |
| Kleinkas | | | |
| | | | |

**3 DIVIDENDE BETAAL**

| | |
|---|---|
| Dividende vir die jaar soos uit finansiële state | |
| Balans aan begin van die jaar | |
| Balans aan die einde van die jaar | |
| | |

**4 INKOMSTEBELASTING BETAAL**

| | |
|---|---|
| Inkomstebelasting vir die jaar soos uit die finansiële state | |
| Balans aan die begin van die jaar | |
| Balans aan die einde van die jaar | |
| | |

**5 VASTE BATES AANGEKOOP**

| | |
|---|---|
| Grond en geboue | |
| Voertuie | |
| Toerusting | |
| | |

| **Berekeninge** | ***Vaste bates teen netto batewaarde*** |
|---|---|
| Begin | |
| Plus aankope van vaste bates | |
| Min verkope van vaste bates | |
| Min waardevermindering | |
| = Einde | |



Kopiereg voorbehou